SAKE (Rapport)
22 Feb 2015, p.6

UA's kan trusts troef met boedelplanne

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Ek kyk vandag na trusts en uittree-annuïteite (UA's) as twee alternatiewe instrumente vir boedelbeplanning en die beperking van belastings. In baie gevalle, meen ek, kan jy meer bereik - dus belastings bespaar - met 'n UA as met 'n trust.

Ek is die eerste wat sal sê beperking van belasting is nie die hoofdoel van 'n goeie boedelplan nie, maar dit is 'n belangrike element daarvan.

Trusts het in die laaste tyd 'n gewilde instrument geword in boedelbeplanning - veral omdat dit boedelbelasting kan beperk. Maar die tesourie kyk nou al meer as twee jaar lank met al hoe dikker brille na trusts.

'n UA bied na my mening 'n goeie alternatief vir 'n trust om met boedelbeplanning te help.

Sowel 'n trust (as die akte behoorlik opgestel is en die trustees doen hul werk korrek) as 'n UA bied beskerming teen skuldeisers en is geskik om voorsiening te maak vir die versorging van naasbestaandes.

Bates in 'n trust is vrygestel van boedelbelasting, hoewel dit wel belasbaar is as Jan Taks kan bewys die trustoprigter kon kort voor sy dood tot sy eie voordeel oor die trustbates beskik. Met 'n UA loop jy nie dié risiko nie. Die volle waarde van die UA is vrygestel van boedelbelasting.

'n UA bied algeheel baie meer belastingvoordele as 'n trust. Die geld wat jy in 'n UA belê, is aftrekbaar van inkomste binne sekere perke. Dié aftrekking geld nie trusts nie. Dit wat jy met die UA nie kon aftrek nie, is by aftrede as 'n belastingvrye inkomste vir jou beskikbaar.

Die groei op die belegging in die UA is vry van belasting. Dit is geen inkomstebelasting, geen dividendbelasting en geen kapitaalwinsbelasting nie. Die groei op beleggings in 'n trust word belas teen 40% op rente- en huurinkomste en 15% op dividende, terwyl trusts prakties ook 26,64% aan kapitaalwinsbelasting betaal.

By dood is die volle kapitaal van die UA beskikbaar vir naasbestaandes. Daar is geen boedelbelasting betaalbaar nie. Daardie deel van jou geld wat nie belastingaftrekbaar was toe jy gespaar het nie, plus R500 000, is vry van enige belasting beskikbaar vir naasbestaandes. Die res van die kapitaal word teen koerse van tussen 18%, 27% en 36% belas, afhangende van die bedrag.

Die aanvanklike koste en onderhoud van 'n UA is minder as dié van 'n trust. Verder moet jy met 'n trust afstand doen van eienaarskap en alles onder beheer van trustees plaas. 'n UA het niks hiervan nie en jyself het volle reg oor jou bates.

Kry 'n finansiële beplanner om jou te help met 'n boedelplan.

■ *Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.*

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.